
Vandag lees ons uit Markus 16:1-8.
MARKUS
Johannes
fresh

# Markus 16:1-8

1Toe die sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria
die ma van Jakobus, en Salome reukolie gekoop om die liggaam
daarmee te gaan balsem.

2Die Sondagmôre baie vroeg kom hulle by die graf aan net toe
die son opkom. 3Hulle vra toe vir mekaar: "Wie sal vir ons die
klip voor die ingang van die graf wegrol?"

4Die klip was baie groot, maar toe hulle opkyk, sien hulle dat
dit klaar weggerol is. 5Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle 'n
jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan, en hulle
het groot geskrik.

6“Moenie skrik nie!” sê hy vir hulle. “Julle soek Jesus van
Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie
hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê
het. 7Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus:
Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien
soos Hy vir julle gesê het.”

8Hulle het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl hulle
gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders iets
daarvan gesê nie, want hulle was bang.


Plaas jouself vir ’n oomblik in die skoene van hierdie drie vroue: Maria Magdalena, Maria die ma van Jakobus, en Salome. Hulle loop met swaar harte, en in hulle hande dra hulle flesse vol reukolie. Waarheen is hulle op pad?

**Bespreek van hier af elke vers soos dit in die sessie volg.**

**Wat staan vir jou uit?**

**Waaraan dink jy wanneer jy die vers lees?**

3Hulle vra toe vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol?”




4Die klip was baie
groot, maar toe hulle
opkyk, sien hulle dat
dit klaar weggerol is.

- **Praktiese redes:**

**'n Groot, swaar klip is gebruik om die graf toe te maak sodat roofdiere en grafrowers nie by die liggaam kon uitkom nie.**

- **Romeinse seëning:**

**Dit was ook in opdrag van die owerhede verseël om te verhoed dat sy dissipels die liggaam steel en 'n opstanding voorgee. (Mattues 27:60-66)**

- **Bewys van opstanding:**

**Die engel het nie die klip weggerol om Jesus te laat uitkom nie, maar sodat die vroue en ander getuies binne-in die leë graf kon kyk as fisiese bewys dat Hy opgestaan het.**

Die vroue stap by die graf in, maar hulle vind nie wat hulle verwag het nie. Daar is geen lyk nie. Daar is geen reuk van die dood nie. In plaas daarvan sit daar ’n jongman aan die regterkant met lang wit klere aan.

En hoe reageer hulle? Die teks sê: *"en hulle het groot geskrik."* Die Griekse woord wat hier gebruik word, beteken om *stomgeslaan te wees, oorweldig deur pure angs en goddelike verwondering.*



**"Moenie skrik nie! Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het."**



***"Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe."***

# Hoekom sê die engel *"en in die besonder vir Petrus"*?






**Die engel sê ook: *"Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien..."***

**Hoekom Galilea? Hoekom nie by die tempel in Jerusalem nie?**


8Hulle het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl
hulle gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders
iets daarvan gesê nie, want hulle was bang.

*Volgens die gebruikte grondteks eindig die Evangelie hier. Verse 9 tot 20 is in sommige manuskripte bygevoeg en is mettertyd aanvaar as die gepaste afsluiting van die Evangelie. In sommige manuskripte is benewens of in die plek van verse 9 tot 20 die volgende bygevoeg: Maar die vroue het alles wat vir hullé gesê is, kortliks vir Petrus en die ander by hom vertel. Daarna het Jesus self deur hulle die heilige en onverganklike evangelie oor die ewige redding van die ooste tot in die weste laat verkondig. Amen.



**Markus los die einde oop, want jy is die volgende hoofstuk.**
**Die graf is leeg. Jesus leef.**

**En Hy wag vir jou in jou eie "Galilea". Hy wag vir jou môreoggend in jou kombuis, by jou werkplek, in jou skool, en in jou moeilike omstandighede. Hy het jou vooruitgeloop.**

**Die vraag van Markus 16 is nie meer: *Wat het destyds gebeur nie?* Die vraag is: *Wat gaan jy môre doen met die feit dat Hy leef?* Gaan jy weghardloop in vrees, of gaan jy in die krag van die opstanding leef?**


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS